BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

20c | Woensdag 25 Junie 1980 | WINDHOEK | Wednesday 25 June 1980 | No. 4190

INHOUD:

Bladsy

PROKLAMASIE:

No. 111 (Republiek) Proklamasie op die Oordrag van Gesag Betreffende Werknemers en Onderwysers in Diens van die Administrasie van Suidwes-Afrika, 1980 1

Proklamasie 111 van 1980 van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika word hierby ter inligting gepubliseer.

A. F. van R. MOUTON
Waarnemende Sekretaris: Administrasie vir Blankes.

PROKLAMASIE

van die

STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

No. 111 van 1980]

OORDRAG VAN GESAG MET BETREKKING TOT SEKERE PERSONE IN DIENS VAN DIE ADMINISTRASIE VAN SUIDWES-AFRIKA

Kragtens artikel 38 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria op hede die Sestiende dag van Junie eenduisend negehonderd-en-tagtig.

M. VILJOEN
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Rade.

P. W. BOTHA.

CONTENTS:

Page

PROCLAMATION:

No. 111 (Republic) The Transfer of Authority in Relation to Employees and Teachers in the Employ of the Administration of South West Africa Proclamation, 1980 1

Proclamation 111 of 1980 by the State President of the Republic of South Africa is hereby published for information.

A. F. van R. MOUTON
Acting Secretary: Administration for Whites

PROCLAMATION

by the

STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH-AFRICA

No. 111 of 1980]

TRANSFER OF AUTHORITY IN RELATION TO CERTAIN PERSONS IN THE EMPLOY OF THE ADMINISTRATION OF SOUTH-WEST AFRICA

Under section 38 of the South-West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), I hereby make the laws set out in the Schedule.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Sixteenth day of June, one thousand nine hundred and eighty.

M. VILJOEN
State President

By order of the State President-in-Council

P. W. BOTHA.

BYLAE

Bestaande wetsbepalings bly van krag ten opsigte van Blanke werknemers en onderwysers in diens van die Administrasie van Suidwes-Afrika

1. Ondanks andersluidende wetsbepaling bly alle wetsbepalings betreffende die diensvoorwaardes, pligte, regte en voorregte van werknemers, soos omskryf in die Administrasiewerknemersordonnansie, 1957 (Ordonnansie 17 van 1957 van die Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika), en onderwysers, soos omskryf in die Onderwysordonnansie, 1975 (Ordonnansie 21 van 1975 van die Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika), ten opsigte van alle sodanige werknemers en onderwysers wat op 31 Maart 1980 in diens van die Administrasie van Suidwes-Afrika was en op die dag onmiddellik voor 1 Julie 1980 steeds aldus in diens is, van krag vir 'n tydperk van drie jaar vanaf 1 Julie 1980.

Oordrag van gesag met betrekking tot Blanke verknemers en onderwysers in diens van Administrasie van Suidwes-Afrika aan Eerste Minister, Kantoor van die Eerste Minister en Direkteur-generaal van die Kantoor van die Eerste Minister

2. Behoudens die bepalings van artikel 3 berus alle regte, bevoegdhede, gesag, pligte, verpligtings en werksaamhede met betrekking tot die diensvoorwaardes, pligte, regte en voorregte van alle in artikel 1 bedoelde werknemers en onderwysers wat onmiddellik voor 1 Julie 1980 kragtens die in daardie artikel bedoelde wetsbepalings —

(a) by die Uitvoerende Komitee van Suidwes-Afrika, of die Voorsitter van genoemde Uitvoerende Komitee, berus het, vanaf 1 Julie 1980 by die Eerste Minister;

(b) by die Administrasie van Suidwes-Afrika, of die Onderwysdepartement van genoemde Administrasie, berus het, vanaf 1 Julie 1980 by die Kantoor van die Eerste Minister;

(c) by die Sekretaris van Suidwes-Afrika, of die in artikel 5(2) van die Onderwysordonnansie, 1975 (Ordonnansie 21 van 1975 van die Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika), bedoelde Direkteur van Onderwys, berus het, vanaf 1 Julie 1980 by die Direkteur-generaal van die Kantoor van die Eerste Minister; en

(d) by enige ander persoon in diens van die Administrasie van Suidwes-Afrika, of die Onderwysdepartement van genoemde Administrasie, berus het, vanaf 1 Julie 1980 by 'n

SCHEDULE

Existing legal provisions to remain in force in respect of White employees and teachers in the employ of the Administration of South-West Africa

1. Notwithstanding anything to the contrary contained in any law, all provisions of law relating to the conditions of employment, duties, rights and privileges of employees, as defined in the Administration employees Ordinance, 1957 (Ordinance 17 of 1957 of the Legislative Assembly of South West Africa), and teachers as defined in the Education Ordinance, 1975 (Ordinance 21 of 1975 of the Legislative Assembly of South West Africa), shall, in respect of all such employees and teachers who were in the employ of the Administration of South West Africa on 31 March 1980 and are still in such employ immediately prior to 1 July 1980 remain in force for a period of three years from 1 July 1980.

Transfer of authority in relation to White employees and teachers in the employ of the Administration of South West Africa to the Prime Minister, Office of the Prime Minister and Director-General of the Office of the Prime Minister

2. Subject to the provisions of section 3 all rights, powers, authority, duties, obligations and functions in relation to the conditions of employment, duties, rights and privileges of all employees and teachers referred to in section 1 which immediately prior to 1 July 1980 under the legal provisions referred to in that section vested —

(a) in the Executive Committee of South West Africa, or the Chairman of the said Executive Committee, shall from 1 July 1980 vest in the Prime Minister;

(b) in the Administration of South West Africa or the Education Department of the said Administration, shall from 1 July 1980 vest in the Office of the Prime Minister;

(c) in the Secretary for South West Africa or the Director of Education referred to in section 5(2) of the Education Ordinance, 1975 (Ordinance 21 of 1975 of the Legislative Assembly of South West Africa), shall from 1 July 1980 vest in the Director General of the Office of the Prime Minister; and

(d) in any other person in the employ of the Administration of South West Africa, or the Education Departemnt of the said Administration, shall from 1 July 1980 vest in an officer holding a cor-

beampte wat 'n ooreenstemmende betrekking in die Kantoor van die Eerste Minister beklee, of, indien daar nie so 'n beampte is nie, 'n beampte van die Kantoor van die Eerste Minister deur die Direkteur-generaal van die Kantoor van die Eerste Minister aangewys.

Delegasie van bevoegdhede

3. (1) Ten einde aan die bepalings van hierdie Proklamasie gevolg te gee, kan die Eerste Minister, die Direkteur-generaal van die Kantoor van die Eerste Minister en 'n beampte van die Kantoor van die Eerste Minister enige reg, bevoegdheid, gesag, plig, verpligting of werksaamheid wat kragtens die in artikel 1 bedoelde wetsbepalings, soos toegepas ingevolge die bepalings van hierdie Proklamasie by hom berus, in die algemeen of spesifiek en behoudens die voorwaardes wat hy bepaal delegeer aan die gesag of persoon in die Gebied wat soortgelyke regte, bevoegdhede, gesag, pligte, verpligtinge of werksaamhede kragtens die Regeringsdienswet, 1980 (Wet 2 van 1980 van die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika), of enige wet betreffende die diensvoorwaardes, pligte, regte en voorregte van beamptes en werknemers in diens van 'n verteenwoordigende owerheid wat in die Gebied van krag is, uitoefen of verrig.

(2) Enige gesag of persoon aan wie enige reg, bevoegdheid, gesag, plig, verpligting of werksaamheid kragtens subartikel (1) gedelegeer is, kan daardie reg, plig, verpligting of werksaamheid met die instemming van, en onderworpe aan die voorwaardes bepaal deur, die gesag of persoon wat dit aldus aan hom gedelegeer het, verder hetsy in die algemeen of spesifiek, delegeer aan enigiemand onder sy beheer.

Kort titel

4. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Oordrag van Gesag betreffende Werknemers en Onderwysers in diens van die Administrasie van Suidwes-Afrika, 1980.

responding office in the Office of the Prime Minister, or, if there is no such officer, an officer in the Office of the Prime Minister designated by the Director General of the Office of the Prime Minister.

Delegation of powers

3. (1) In order to give effect to the provisions of this Proclamation the Prime Minister, the Director General of the Office of the Prime Minister and any officer in the Office of the Prime Minister may, either generally or specifically and subject to such conditions as he may determine, delegate any right, power, authority, duty, obligation or function which vests in him under the legal provisions referred to in section 1 as applied in terms of the provisions of this Proclamation, to the authority or person in the Territory exercising or performing similar rights, powers, authority, duties, obligations or functions under the Government Service Act, 1980 (Act 2 of 1980 of the National Assembly of South West Africa), or any law relating to the conditions of employment, duties, rights and privileges of officers and employees in the employ of a representative authority, which is in force in the Territory.

(2) Any authority or person to whom any right, power, authority, duty, obligation or function has been delegated under subsection (1) may with the consent of, and subject to such conditions as may be determined by the authority which or person who has so delegated it to him further delegate that right, duty, obligation or function either generally or specifically to any person under his control.

Short title

4. This Proclamation shall be called The Transfer of Authority in relation to Employees and Teachers in the employ of the Administration of South West Africa Proclamation, 1980.

Gedruk deur en verkrygbaar by
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK
P.O. Box 2196, Windhoek
South West Africa